15

JAARGANG 23 | 17 OKTOBER 2025

KONINKRYKSTYD

# VRY POS

LOER | LEES | LUISTER | LEER

NG Kerk Vrystaat



Celicia McLean

# REDAKTEUR

## BYDRAES EN NAVRAE

voor 12:00 Dinsdae na
**cmclean@ngkvs.co.za**

***Lig in die duisternis,***
*hier vir God, mekaar en die wêreld*

LOER | LEES | LUISTER | LEER

NG Kerk Vrystaat

## FOTO'S

Canva | Unsplash | Flickr | Pexels
Pixton | *Tensy anders vermeld*

## ARTIKELSKRYWERS

Mariëtte Odendaal | Louwrens Scheepers
Andries Gous | Ngwanamogale Bopape
Enrico Casaleggio | Shaun Darker
Chris de Vries | René Wessels | *alexforbes*
*Kerkbode* | *CLF* | *Bybel-Media* | *Engo*
*Bybelgenootskap SA*

## KONINKRYKSTYD

'n Belangrike deel van Koninkrykstyd in Protestantse kerke is die viering van Hervormingsondag, die Sondag naaste aan 31 Oktober. 501 jaar gelede het die Christelike kerk 'n radikale vernuwing beleef. Hierdie gebeurtenis word wêreldwyd in Protestantse kring herdenk. Iemand het op 'n keer gesê jy moet agteruit kan onthou om vorentoe te kan leef. Op 31 Oktober 1517 het 'n jong Katolieke priester 95 stellings neergeskryf en met spykers teen 'n kerk in Duitsland se deur vasgeslaan. Hiermee het Martin Luther openlik teen sy kerk geprotesteer (vandaar die naam Protestantse Kerke). Sy protes sou die kerk en die aard van die Christelike geloof onherroeplik verander.

## DAGBOEK DÍT

**DIE "KONINKRYK VAN DIE HEMEL" VIR VANDAG**
21 Oktober 2025 | 19:00 - 21:00
Aanlyn Zoom | 2 VBO-punte

## VOLGENDE VRYPOS

Die volgende uitgawe van *VRYPOS* sal op **Vrydag 31 Oktober** verskyn. Kyk gerus na ons **webblad-kalender** vir belangrike datums.

# INHOUD


## VRYPOS-FOKUS 03

DIENS VAN BARMHARTIGHEID | Gemeentes
**Mariëtte Odendaal** | *Met breipenne en wol ondersteun Fauna premature babas*

## ARTIKELS 05

**05** | BEDIENINGSBEGELEIDING | VBO Netwerk
**Louwrens Scheepers** | *Stil retraite in Philippolis ... "Stille-polis"*

**06** | VENNOTE IN GETUIENIS | RICD
**Mariëtte Odendaal** | *Bultfontein-gemeenskapstuin – skep lewe en hoop*

**07** | VENNOTE IN GETUIENIS | DEGNOS
**Andries Gous** | *DEGNOS-dinge*

**08** | VENNOTE IN GETUIENIS | Kopanong Studente-bediening
**Ngwanamogale Bopape** | *Cycling for a Cause - Waypoint students journey through the Free State*

**09** | VENNOTE IN GETUIENIS | Islam
**Enrico Casaleggio** | *There's a Muslim on my stoep*

**10** | ALGEMEEN | Oorgeneem uit *Kerkbode*
**Shaun Darker & Chris de Vries** | *Kerkbode se jaarlikse Slypskool vir Skrywers: Deel 1* | *Diepte-artikel: Hoe lyk die impak wat diensleraars op gemeentes en gemeenskappe het?*

## MEDIATEEK 12

**Ronell Bezuidenhout** | *Al Psalmend – 65 Meditasies uit Die Bybel se Gebedeboek*

## VERJAARSDAE 13

## EKOLOGIE 14

**Ekologie** | *"Unblocktober" - 'n Roeping tot rentmeesterskap van God se skepping*

## AKTUEEL | ALGEMEEN 15

**15** | alexforbes: Health product changes 2026
**16** | Advertensies

## VBO-GELEENTHEDE 17

## KERKBODE BROKKIES 18

## WAT'S NUUS? 20
## KALENDER
## VAKATURES/AFLOSLYS
## PREDIKANTENUUS

## 'N LAASTE GEDAGTE 21

**René Wessels** | *Stop en haal asem*

## KONTAK ONS 22



# Met breipenne en wol
## ondersteun Fauna premature babas



**DIENS VAN BARMHARTIGHEID**
*Mariëtte Odendaal*

*"It's been such a blessing for us. We are struggling financially, so it helps us a lot."*

***'n Ma van 'n premature baba***
***By die Pelonomi Hospitaal: Neonatale Eenheid***

Knetterende vleisbraaivure en gesellige kuiers rondom teekoppies was al dikwels die plek waar briljante idees vorm aangeneem en lewens-veranderende projekte geword het.

Een so 'n projek is die merkwaardige breiprojek van die NG Kerk Fauna. Ons het meer by hul predikant, ds Hansie Swart, en Sanet Paulsen, maatskaplike werker by die Neonatale Eenheid by Pelonomi Hospitaal, gaan uitvind.

### Hansie, wanneer het hierdie projek ontstaan en wat is die doel daarvan?

"Iemand het eendag tydens 'n gesprek oor die groot behoefte aan gebreide mussies en frokkies by die Neonatale Eenheid van die Pelonomi Hospitaal gepraat. Ek het toe gedink dat dit 'n goeie projek kan wees vir ons gemeente. "Sedert 2014 brei 'n groep vroue jaarliks klein mussies en frokkies om te voorsien in die behoeftes van vroeggebore babas; iets wat besonder waardeer word. Daar het intussen ook gebreide seekatjies bygekom.

"Die grootste waarde van die mussies en frokkies is dat dit die temperatuur van die premature babatjies help reguleer omdat daar baie hitte deur hulle koppies verloor word. "Dit gebeur ook dikwels dat baie van die jong tiener-mammas skielik van die platteland vir die geboorte van hul babatjies inkom en meestal met niks by die hospitaal aankom.

**Lees** meer »



2 VBO-PUNTE

De la Harpe

Le Roux

# DIE "KONINKRYK VAN DIE HEMEL" VIR VANDAG

Die term **"koninkryk van die hemel"** in die Evangelie van Matteus is 'n sleutel vir die kerk om op haar voete te bly in 'n snel veranderende wêreld.

DINSDAG **21 OKTOBER 2025**

**19:00 - 21:00** NM

**ZOOM**

Werkswinkel

**BEDIENINGSBEGELEIDING**
Sameroeper: VBO Netwerk
*Ds Louwrens Scheepers*

# Stil retraite in Philippolis ... "Stille-polis"

Ons eerste vyfdag-retraite is afgehandel.

Vyf dae met ritmes van stilte.

Vreemdelinge word vriende – in stilte en deur gedeelde ervarings, al luisterend na die stem van liefde en deernis.

En dan word dit sigbaar wanneer dorpenaars verwelkom word en gesels en saam kom luister – in die kerk en op straat.

*Stille-polis* is 'n gedagte wat hierdie week 'n werklikheid geword het en ons almal verras het. Ons was diep geraak deur die impak wat die stiltes en musiek op ons gehad het, en ons is is meer as ooit tevore daarvan oortuig dat hierdie klein dorpie in die Suid-Vrystaat 'n rimpeling gaan maak wat grense gaan oorsteek. Dankie aan elkeen wat op die een of ander manier deel geword het van die week se ritmes – ons doen dit weer!

Indien jy belangstel om in Philippolis stilte te kom vind, kontak my gerus. Ons verwelkom jou enige tyd!

**Louwrens Scheepers**
E-pos: louwrens@integernetwork.com
Sel: 072 115 0057

Voorlopige datums vir volgende jaar:

- 'n Spesiale Paasnaweek-retraite: 2–5 April 2026
- 'n Retraite vir predikant-egpare: 24–27 April 2026
- 'n Winter plaas-retraite (Datum sal nog bekend gemaak word)
- September lente-retraite: 20–25 September 2026

**Hier is die terugvoer van ons retraite-deelnemers:**

*"Stille-polis" was vir ons en kan vir nog baie net verrykend wees. Ons program het ruimte gemaak vir stilword in die wonderlike kerkgebou, ons woonplek, die natuur asook die strate van Philippolis. Die Here het op 'n wonderbaarlike wyse met ons gepraat deur die aanbieders, die getuienisse van die Jobhuis asook die bidders en mense van die dorp. Ek glo hierdie is die geskikte plek in die Vrystaat om stil te word.*

**Lees** meer »




**Foto:** *Verskaf*

*Foto:* *Ds Philip Garbers, Projekbestuurder: Bultfontein-gemeenskapstuin (verskaf)*



**VENNOTE IN GETUIENIS**
RICD
*Mariëtte Odendaal*

# Bultfontein-gemeenskapstuin – skep lewe en hoop

"Waar daar eers dooie grond was met bome wat enige groei verhinder het, is daar nou 'n florerende groentetuin van uie, spinasie, kool en beet. Die kerk, wat die teken van Lewe is, demonstreer nou ook Lewe na buite. Daar is nuwe hoop, daar is groei, daar is opgewondenheid en groot dankbaarheid."

***Ds Phillip Garbers***
***Projekbestuurder: Bultfontein-gemeenskapstuin***

Wat maak jy as jy 'n kosbare stuk grond reg langs jou kerk het wat jare lank verwaarloos en onbewerk lê? Jy begin drome droom en planne maak, veral as jy in 'n omgewing bly waar armoede hoogty vier en kos skaars is. As jy dan nog boonop hulp van buite kry om jou arms sterk te help maak met hierdie droom om dit van die grond af te kry, bring dit groot vreugde en hoop in 'n gemeenskap.

En dit is presies wat gebeur het toe ds Phillip Garbers, predikant van die NG Kerk Bultfontein-Oos, en Elbie Conradie, bestuurder van Vennote in Getuienis se Reformed Initiative for Community Development (RICD), met ds Sebolai, predikant van die NG Kerk in Afrika Bultfontein, en sy kerkraad koppe bymekaargesit het.

Maar hoe het dié projek nou eintlik prakties begin? Ons het meer daaroor gaan uitvind by die projekbestuurder van dié opwindende inisiatief, ds Phillip Garbers.

**Phillip, vertel meer van Bultfontein se gemeenskapstuin. Hoe het dit ontstaan en wat het dit ten doel?**

"Ons NG Kerk het 'n paar jaar gelede met die NG Kerk in Afrika in Bultfontein vergader met die doel om mekaar beter te leer ken. Die gesprekke het daarna om verskeie fokus-areas gegaan, naamlik Bybelstudie, manne wat saam bid en vroue-dienste.

"Tydens een van ons byeenkomste het een van die ouderlinge my gevra om by die venster uit te kyk. Daar sien ek toe 'n groot stuk grond, oorgroei met onkruid met net 'n paar bome, wat heeltemal onbenut lê.

"Hulle droom was om dié stuk kosbare grond in 'n groentetuin te omskep. Die nood in die gemeenskap is groot, die bejaardes kry swaar en die kerk wil help. Daar was 'n groot behoefte aan die ontwikkeling van 'n gemeenskapstuin in Bultfontein en hulle het ondersteuning nodig gehad.

**Lees meer** »

VENNOTE IN GETUIENIS
DEGNOS
*Andries Gous*

# DEGNOS-dinge

Liewe vriende van DEGNOS

## Het jy geweet?

- Die vier gemeentes waarvoor DEGNOS verantwoordelik is, praat vier verskillende tale: Kwedam, Hai//om, !Kung en Ju//hoansi.
- Hulle klink soortgelyk, maar verskil net soveel soos Duits en Nederlands!
- As almal bymekaar is, gebruik ons Afrikaans of Engels om te gesels.


## Verslag oor die sendingreis na Caprivi, Luhebu-Noord

Die sewe Godsmanne van N#a-Jaqna het onlangs na die Caprivi-streek vertrek om vir ouderling Johannes Tokkelosh op Omega #3 te besoek en hom te ondersteun met die katkisasie van mense wat gedoop moes word. Tydens hierdie besoek het hulle ook die Evangelie in die omliggende gebied verkondig.

Saam met hulle op die pad was ses predikante van Luhebu-Noord, pastoor Armo Mishe van die AGS, en ons getroue drywer, Jesaja. Ds Jafet Moyo het met dankbaarheid getuig dat die werk in Bwabwata groot vrug dra. Die evangelisasie by Posha en Mashambo was besonder seënryk — mense is opgelei om die prenteboek vir Evangelie-verkondiging te gebruik. Nuwe gelowiges is onderrig, gedoop, en die nagmaal is op Omega #3 bedien.

Ná 'n geseënde tyd van samewerking met ouderling Tokkelosh, het die span weer koers gekies terug na Grootfontein. Daar hervat hulle hul bediening in die plaaslike gemeentes van Kanovlei, Omatako, Mkata en Mangetti Duin, waar hulle elke Sondag die Woord bedien en die werk van die Here voortdra.

***Foto:** Mishe - hard aan die werk uit die Bybel tydens die opleiding in Suid-Afrika (verskaf)*



Bid saam met ons vir die Here se seën op hulle werk en dank die Here vir sy getroue werkers wat lig bring in 'n donker wêreld.

## Jan-Willem den Bok verfilm ons plaaslike bediening

Jan-Willem den Bok het vir Andries in die veld vergesel, waar hy twee kort films gemaak het oor die bediening van ons eie ds Poppie Haramses en ds Regina Nauses. Tydens sy besoek het Jan-Willem saam met ons deur die Wildevy-gemeente gereis, waar hy inspirerende beeldmateriaal opgeneem het van ds Poppie en ds Regina se toewyding en diens. Hierdie twee dokumentêre films beloof om 'n treffende getuienis te wees van hoe God deur hulle lewens werk en sal deur EO Metterdaad op Nederlandse nasionale televisie uitgesaai word met die doel om God se werk deur sy kinders hier in Namibië bekend te maak.

**Lees** meer »

VENNOTE IN GETUIENIS
Kopanong
Studentebediening
*Ngwanamogale Bopape*

# Cycling for a Cause

## Waypoint[1] students journey through the Free State

On 8 September 2025, a group of students accompanied by their reverend, Wouter van Velden, set out on a cycling tour. They went around the Free State to towns like Bethlehem and Kroonstad, to name a few. They did this to raise money for the Bible Society and to spread the word of God.

Among the ten, six of them were theology students who took the opportunity to share their testimonies with high school learners and encourage them to consider theology as they apply for university.

From day one to the last day, everything began early. The team worked on a tight schedule. Driving from Bloemfontein to Senekal should have taken about two hours, but it stretched to almost eight. There were many stops along the way.

The team would pause to secure the bicycles, stopped at a small roadside store, and took a bathroom break that led them into a church, where they enjoyed cool drinks and admired the beauty of the church.

The long drives were mainly due to cycling. The bus always stayed behind the riders, walkers, and joggers, stopping when necessary to allow everyone to keep pace. Sometimes this meant waiting an extra hour for the joggers to cover a few kilometers or driving behind them at the slowest pace imaginable. This was the rhythm of the entire five days. Time felt slow inside the bus but long for those outside it.

By afternoon, things often became rushed. Although the team had to cover as many kilometers as possible, they also needed to respect the schedules of the people they were meeting, especially the high school learners who were still busy with classes.

**Read more** »

***Photo:*** *Waypoint students participating in Cycling for a Cause (provided)*



*Dr Enrico Casaleggio*

# ISLAM

## *There's a Muslim on my stoep*

Ons hoor al hoe meer dat daar op die Vrystaatse platteland moskees opskiet. Party Vrystaatse dorpe het al meer as een moskee. In Bloemfontein is daar reeds ten minste drie moskees, waaronder die Miftahuddin Islamic Institute Masjid in Heidedal, die Bloemfontein Musallah by die Ou Mark en die Moskee in Esall Salamatstraat. Daar is ook ander Islamitiese sentrums in die stad, waaronder die Bloemfontein Sunni Jamaat Khana and the MSA-UFS Musalla.

'n Paar maande gelede het ek en 'n paar lede van die Islam-werkgroep by die Imam van die Moskee by die Ou Mark toestemming gevra om hulle gebedsgeleentheid op 'n Vrydag as toeskouers by te woon. Groot was ons verbasing toe daar by hierdie geleentheid 800 Moslems opgedaag het om te aanbid. Meer nog, dit was net die mans. Aangesien vroue apart aanbid, weet ons nie hoeveel daar was nie. Daar was dus, net wat die mans betref, 800 aanbidders. En dit net by een moskee! Konserwatief bereken, was daar ongeveer 2500 Moslems (mans sowel as vroue) wat by die drie moskees aanbid het op daardie Vrydag.

Jare gelede het Leon Schuster 'n rolprent gemaak met die naam "There's a Zulu on my stoep". Na aanleiding van die inligting hierbo is dit 'n goeie afleiding om te maak dat "There's a Muslim on my stoep".

Vroeër vanjaar het ons kennis geneem daarvan dat 'n studie deur die Pew Research Centre[1], getiteld ***"Pew's Global Religious Landscape study"***, wat op Maandag 9 Junie 2025 vrygestel is, toon dat Moslems die vinnigste-groeiende geloofsgroep is, gevolg deur mense sonder godsdienstige affiliasie. Hoewel Christene steeds die wêreld se grootste godsdiensgroep vorm, het hulle persentasiegewys afgeneem tussen 2010 en 2020. Die wêreld se Moslembevolking het met 347 miljoen mense toegeneem oor tien jaar — meer as al die ander godsdienste saam — hoofsaaklik as gevolg van natuurlike demografiese groei (bevolkingsaanwas).

Die wêreldwye statistiek, soos uitgewys deur die Pew Research Centre, sowel as die situasie in die Vrystaat, herinner ons daaraan dat dissipelskap en evangelisasie die doel van die kerk is. Ons behoort te fokus op die verdieping van gelowiges se geloof eerder as net numeriese groei. Nou, meer as ooit, behoort ons te fokus op die verkondiging van die evangelie met 'n gesindheid van liefde, gasvryheid en integriteit.

So, wat doen ons? Ons rus ons lidmate toe om op 'n sinvolle manier die Evangelie met Moslems te deel. Dit is veelseggend dat elke lidmaat van die kerk se pad met die kerk begin het met die belofte van toerusting. Toe ons as babas gedoop is, het ons ouers beloof om ons te onderrig en te laat onderrig tot eer van die Here.

**Lees** meer »

*[1] Pew Research Centre, 9 Junie 2025,* ***Pew's Global Religious Landscape study***

---

*'n Reeks Islam-artikels. Hierdie artikel handel hoofsaaklik oor die bekendstelling van kursusse wat aangebied word.*

**ALGEMEEN**
Oorgeneem uit *Kerkbode*, 22 September 2025
*Di Shaun Darker en Chris de Vries*

# *Kerkbode* se jaarlikse Slypskool vir Skrywers

## Deel 1

## Diepte-artikel: Hoe lyk die impak wat diensleraars op gemeentes en gemeenskappe het?

Gesonde gemeentes word deur *spanne* gelei en diensleraars en opgeleide lidmate (Bedienaars) het 'n groot bydrae om te lewer om meer gawes aan die kerk te ontsluit, soos ook onlangs in 'n **verslag** oor die daling in predikante-poste uitgewys word.

Die verskynsel van "ampsverbreding" in die NG Kerk verwys na die opleiding van "predikante (wat steeds 'n sleutelrol in die kerk sal speel), maar ook diensleraars (net soos predikante gelegitimeer) en bedienaars (vrywillige bediening) wat gemeentes in staat stel om met sinvolle bediening voort te gaan," luidens die verslag. Diensleraars, dominees en bedienaars ding nie teoreties met mekaar mee nie, maar tog is daar vrae oor hoe dinge in praktyk die afgelope vyf jaar uitspeel. Hierdie diepte-artikel kyk na diensleraars: Die data en die mense. (Die opvolg-artikel kyk na ***Diensleraars oor hulle ander beroepe, die waarde van mentors en 'n kultuur van begeleiding)***.

Deelnemers aan die jaarlikse **Slypskool vir Skrywers**, wat Kerkbode vroeg in September in samewerking met die Taakspan Navorsing in Gauteng aangebied het, kon hulle beriggewing fokus op presies dié aktuele onderwerp: Diensleraars en die impak wat hierdie nuwe baan van teologiese opleiding op gemeentes en die NG Kerk in geheel het.

***Foto:*** *Deur Le Roux Schoeman*




Ons publiseer hiermee die eerste aflewering van die skryfwerk deur deelnemers van regoor die land.

- **Shaun Darker skryf:** Diensleraars bring vars energie in sisteme wat gestagneer het
- **Guillaume Smit vra:** Wat word diensleraars alles geleer?
- **Chris de Vries berig:** In 2023 het 26 tradisionele dominees afgestudeer. Die ander groep van 29, was almal diensleraars
- **Anje Zeeman verken:** Grys areas in terme van kerkreg

*Ds Shaun Darker,*
*leraar by NG Gemeente Welkom-Suid:*

### Wanneer getalle nie genoeg is nie – 'n balans tussen 'hoeveel' en 'hoe goed?'

*Ds Chris de Vries,*
*tentmaker by NG Gemeente Heuwelsig, Bloemfontein:*

### Die klokke lui: bruilof of begrafnis: 'n Berig oor diensleraars in die NG Kerk

**Lees** meer »

# DOEN JY ADMINISTRASIE? HIERDIE IS VIR JOU!

**ALLE** SKRIBAS | GEMEENTEBESTUURDERS | KERKKANTOORPERSONEEL
**NUWE PERSONEEL**

# SKRIBA OPLEIDING 2



## TERTIUS BOTHA

Fasiliteerder

NG Kerk Vrystaat

**’n Opvolgkursus waar ons kyk na wat alles na die Argief gestuur moet word en hoe om daardie inligting te verwerk en deur te gee.** Ons kyk ook oorsigtelik na die werksaamhede van die Sinodale kantoor, die POPI-wetgewing, die Kerkorde, die opstel van agendas en skryf van notules en die Bydraes vir Gesamentlike Werksaamhede.

## 22 OKT • R150

**Woodland Hills Gemeenskapskerk | 09:00**

Swartwitpenssingel 144, Woodland Hills, Bloemfontein 9301

**VIR MEER INLIGTING** (051) 406 6700 tbotha@ngkvs.co.za

# DIE MEESTERPLAN


## God se missionale mense: voorsmaak of nasmaak?

**Frans** Hancke

Prof Dons Kritzinger skryf hieroor: Frans Hancke het al baie jare gelede ontdek dat God 'n Plan het ... met sy skepping ... met sy mense ... met sy Kerk. En sedertdien kon hy wat Frans is nie ophou om vir almal wat wil luister te vertel van hierdie Plan nie. Nou, in hierdie boek, het ons die neerslag van sy rype nadenke en studie oor hierdie Plan. Niemand kan ná die lees hiervan onaangeraak bly nie.

Prof Kobus Kellerman gee sy mening oor Die PLAN: God het in reaksie op die mens se vervreemding van Hom vanweë die sondeval soos in Genesis 3 in die Bybel beskryf, die mens nie aan sy lot oorgelaat nie maar met 'n plan van herstel gekom wat uiteindelik met die koms van sy Seun, die Heilige Gees, en mense tot uitvoering gebring word. Frans Hancke bespreek dit as die Meesterplan van herstel wat ontplooi word in navolgers met 'n missionale identiteit wat deur Jesus Christus as gestuurdes met 'n opdrag weggestuur word: "Gaan dan en maak dissipels van al die nasies ..." (Matteus 28:19, 20). Getrou aan hierdie *Missio Dei* word volgelinge gestuurdes wat as missionale mense aan 'n missionale leefstyl gekenmerk word en wat met 'n roeping, 'n missie en 'n visie 'n verskil in die wêreld maak. Treffend word dit prakties beskryf as verheerlikend, verkondigend, liefdevol en dienend. Ook word dissipelskap en missionale leierskap omskryf vir praktiese toepassing. Die skrywer slaag daarin om die leser te help om op 'n baie besondere en toepaslike manier 'n missionale lewenswyse te verstaan en prakties uit te leef. Die inhoud is so opgestel dat dit as studiemateriaal in gemeentes, Kleingroepe en persoonlik gebruik kan word.

Frans Hancke se boek *Die meesterplan: God se missionale mense: voorsmaak of nasmaak?* is nou in die mediateek beskikbaar. Kontak Anelia by kuratorium@ngkvs.co.za vir die mediateek.




**BEDIENINGSBEGELEIDING**
Mediateek
*Dr Leon M Foot*

## MEDIATEEK **INVENTARIS**

*Loer gerus na die volledige inventaris van die NG Kerk Vrystaat Mediateek, Sinodale Kantoor*

Navrae | **Anelia van den Blink**
**kuratorium@ngkvs.co.za**

# VERJAARSDAE




ngkerkvrystaat.co.za

Wense van voorspoed, God se seëninge en genade vir die nuwe lewensjaar.

**OKTOBER**

17 – Ds Barry van Wyk, PARYS-WES

19 – Ds Stefan Schoeman, THEUNISSEN

20 – Ds Dirk Venter, VREDE

23 – Ds Dylan Allen, BOTHAVILLE

24 – Ds Philip McLaren, BEDELIA

25 – Ds Jannie du Plessis, BRANDFORT

26 – Ds Thania Botha, GELOOFSENTRUM UNIVERSITAS/VERKEERDEVLEI

28 – Ds Riekie Wilken, DEALESVILLE

29 – Mev Lisma Liebenberg, SINODALE KANTOOR

31 – Ds Gerhardt Wessels, KROONSTAD-SUID



# Raakgelees ... "Unblocktober"

**BEDIENINGSBEGELEIDING**
Ekologie Netwerk
*Mariëtte Odendaal*

## 'n Roeping tot rentmeesterskap van God se skepping

*Laat ons dus elkeen in ons eie huis, straat en dorp begin – klein stappies wat saam groot veranderinge kan meebring.*

***Unblocktober*** is die wêreld se eerste nasionale veldtog en bewusmakingsmaand wat daarop gemik is om die effektiewe werking van dreine, riole, waterstrome en oseane te herstel en te verbeter. Wat hierdie inisiatief besonders maak, is dat dit nie deur regerings of groot organisasies begin is nie, maar deur gewone mense wat snap dat die manier waarop ons leef, 'n direkte invloed op die skepping rondom ons het.

Die veldtog is in 2019 in Brittanje geloods en het meer as 4 500 mense aangespoor om hul daaglikse kombuis- en badkamergewoontes te verander. Teen 2022 het daardie getal gegroei tot meer as 66 000 – 'n duidelike bewys dat klein veranderinge 'n enorme impak kan hê. Vanjaar word daar weer 'n oproep op mense gedoen om betrokke te raak – nie net ter wille van die omgewing nie, maar ook as 'n daad van verantwoordelikheid teenoor toekomstige geslagte.

**Lees** meer »

# AKTUEEL EN ALGEMEEN

:alexforbes
insight · advice · impact

Healthcare




## Employer Newsflash | Admed Gap Product Changes

At the official launch of its 2026 product offering, Admed Gap announced a series of product enhancements and changes, which will come into effect on 1 January 2026. The weighted increase is 12% for 2026. Increases per employer group will be communicated by your Healthcare Consultant.




## Employer Newsflash | Discovery Health Medical Scheme Product Changes

At the official launch of its 2026 product offering, Discovery Health Medical Scheme announced a series of product enhancements and changes, which will come into effect on 1 January 2026. Discovery Health Medical Scheme announced a 0% contribution increase from January to March 2026. The increase has been deferred to 1 April 2026. The increase for 2026 will range from 0% to 7.9%. The weighted average increase is 7.2%. However, as a result of the deferred contribution increase, the effective increase for the year is 5.4%.

:alexforbes
insight · advice · impact
alexforbes.com

Read here »


Sister Koc
– A Full Life in Servi
PUBLISHERS
UITGEWERS
Annalette Perold


GRATIS
Gerontologie
Betekenisvolle veroudering
AANDAG ALLE BESTUURDERS
VAN OUETEHUISE EN AFTREE-OORDE
KONTAK- EN INLIGTINGSESSIE
Meer oor die Gerontologie Netwerk, van die NG Kerk Vrystaat, se dienste wat aan instansies gelewer kan word.
RSVP 4 NOVEMBER
WhatsApp Jors by 082 783 0730
09:00 - 10:00


Leer, Speel en groei
SAAM IN GELOOF
My eerste speel-en-leer Bybel
In My eerste speel-en-leer-Bybel leer kan kleuters en kinders die 100 belangrikste verhale in die Ou en die Nuwe Testament en ontmoet 50 van die bekendste mense in die Bybel.
Hulle leer kan stories van Noag wat 'n ark gebou het, Dawid wat 'n groot reus verslaan het, Saggeus wat in 'n boom geklim het en Paulus wat ver gereis het om vir mense van Jesus te vertel.
By elke storie is daar 'n prettige aktiwiteit. Speel-speel leer ken kleuters en kinders die Bybel en ontdek hoe lief Jesus vir hulle is.
'n Bybel in 'n kind se hand is die fondasie vir 'n leeftyd saam met Jesus.


ou besigheid kan help om
DROME IN
TE KLEUR
Ons daag julle uit om deel te wees van die Omgie Sivvie dag pret
WWW.ENGO.CO.ZA | 060 548 55
BLOEMFONTEIN
ourant
FM


THE CLARENS
GOLF & LEISURE ESTATE
CTK CHARITY
GOLF DAY
Swing for a Cause:
Join Us for a day of Giving on the Greens!
FRIDAY 14 NOVEMBER 2025
2-BBS-Scramble Drive
R1200 per 2 Ball
Halfway & Dinner Included
Scan to Register
For more info, contact Heindrich Dyer at:


6 ART DE OLIVIA / ENGO DAIR
Engo
A5 for R299
A4 for
ORDER YOURS TOD
@ WWW.ENGO.CO


Kersfees
BELUITVERKOPING
AFRIKAANS
1933/1953-vertaling
R192*
Volledige Naslaanbybel, mediumgrootte, swart hardeban met maklik om te lees uitleg.
40% afslag
www.bibleshop.co.
www.bybelgenootskap.co.za
bybelgenootskap van suid-afrika


18 OCTOBER 2025
10:00 - 12:30
bible society of southafrica
BIBLIATHON
PET FRIENDLY
RACE THE CLOCK
REDEFINE YOUR LIMITS IN
LAP RACING
1KM LOOP
ENTRY R100
Race Format:
solo, team, church or school.
SCAN ME
1 HOUR RACE
STARTS @10:30


Kersfees
YBELUITVERKOPIN
GELDIG TOT 12 DESEMBER 2025
BIVHILI
Tot 60% afslag
www.bibleshop.co.
www.bybelgenootskap.co.za
bybelgenootskap van suid-afrika

# OPLEIDINGSGELEENTHEDE



## HOSPITAAL-VERHAAL, KLINIESE WIT

21 Oktober

3 VBO-punte

R350 p/p, 08:30
Aanlyn Zoom
Dr Suzanne vd Merwe

Lees meer +
**Registreer** +




## WANNEER 'N MOSLEM JOU PAD KRUIS

31 Okt & 1 Nov

VBO-punte

Inleidende kursus
Pellissier-gemeente
Anton Pelser

Lees meer +
**Registreer** +




## BERADINGSKURSUS HULP AAN DIE HELPERS

18 November

5 VBO-punte

R275 p/p, 09:00
Aanlyn Zoom
Prof Wentzel Coetzer

Lees meer +
**Registreer** +



## JAARKURSUS IN PASTORALE SORG

2025 - 2026

55 VBO-punte

'Die pastor in krisis'
Twaalf modules
Prof Wentzel Coetzer

Lees meer +
**Registreer** +

# KERKNUUS EN PUBLIKASIES

KERKBODE BROKKIES | PUBLIKASIES

**kerkbode** BROKKIES

Kollig
Luister nou

Ondersteun Kerkbode
Maak 'n donasie



Podsending | 'Ek het myself nooit jammer gekry nie' – oorlogvlugteling (86) wat nou teen kanker veg

*16 Oktober 2025*
*Kerkbode, Artikels*
*Annabelle Lombard*



Jeffreysbaai tot by Kaap Agulhas – Suid-Afrika se eie weergawe van Camino de Santiago

*14 Oktober 2025*
*Kerkbode, Nuus*
*Heléne Meissenheimer*



Ontmoetings langs die pad wys iets van die pelgrim se etos: oop vir die oomblik, oop vir ander

*9 Oktober 2025*
*Kerkbode, Hoopstories*
*Heléne Meissenheimer*



Uit my Kerkdagboek: 'Dominee, hoekom bly die NG Kerk stil?'

*8 Oktober 2025*
*Kerkbode, Rubrieke*
*Jan Lubbe*



Deel 2
Diepte-artikel: Diensleraars oor hulle ander beroepe, die waarde van mentors en 'n kultuur van begeleiding

*6 Oktober 2025*
*Kerkbode, Artikels*




Diensleraars is geen 'kortpad' na die bediening nie

*3 Oktober 2025*
*Kerkbode, Artikels*
*Erick Zulch*

Google Play   kerkbode.christians.co.za   App Store

CLF PUBLISHERS UITGEWERS

# ’n Bietjie reën


**R170** »




Die titel van hierdie boek is ontleen aan die liedjie “Stuur groete aan Mannetjies Roux”, geskryf deur Christopher Torr en gesing deur Laurika Rauch, ’n lied wat in ons harte kom nesskop het, want ons is boere. Ons ken die reuk van diesel met Afrika se son en die skoonheid van omgeploegde lande in die oggenddou. Hierdie boek met sy dagstukkies is verpak onder verskillende geloofsgewoontes en word spesiaal opgedra aan ons boeregemeenskap. Hierdie boek wil ’n bydrae lewer op die reis van hierdie uitsonderlike boerefamilie. Dit is egter ook só geskryf dat enigeen – al is hulle nie boere nie – wat graag tydens hulle eie reis wil verdiep en groei ook waarde daaruit sal put.

# My hart se baie punte


**R110** »




Wanneer jy Lizette Murray se skryfwerk lees, word al jou sintuie betrek. Maar dis veral jou hart wat sy aanraak. Met *My hart se baie punte* vang Lizette doodgewone momente in haar lewe in woorde vas. Sy put uit die bekende: haar saamleef met haar geliefdes, haar kinders, haar kleinkinders en ander kosbare mense wat haar pad kruis. Lizette raak jou keer op keer diep aan met haar lewenswysheid, haar fyn insig in die harte van ander, haar geloof, haar liefde vir mense en die besonderse manier waarop sy die wêreld waarneem en dan in woorde weergee. Mag hierdie bundel skryfwerk jou vars en nuut laat kyk, soos ’n kind. Sodat jy jou kan verlustig in die klein dingetjies, en met eenvoud na die lewe kan kyk.

# ’n Hand vol hoop

**R110** »




*’n Hand vol hoop* gee aan jou ’n ander perspektief op jou vrees, en rig jou oë op die Herder wat jou in sy hande vashou, wat jou dra tot “annerkant moedverloor se vlakte”. Ons weet die lewe bestaan nie net uit mooiweersdae nie. Ons almal ken die onsekerhede van die toekoms en hoe vinnig alles kan verander. En dit maak ons bang. Ons het deur die jare geleer om met hierdie vrees saam te leef, maar dit verlam ons. *’n Hand vol hoop* help jou om die vreesmonster in die oë te kyk, jouself beter te verstaan en vrees op die regte plek “weg te pak”.

# WAT'S NUUS?

KALENDER | VAKATURES | AFLOSLERAARS | PREDIKANTENUUS

NG Kerk Vrystaat

## Gemeente**gebeure**

Kalender | Belangrike datums

**KALENDER**

skakel@ngkvs.co.za
Adverteer hier

**VAKATURES**

**AFLOS**

kerkbode

## Interaktiewe **Dagboek**

Deel jou dagboek hier

**DAGBOEK**

woes@mweb.co.za
023 342 6030

**VAKATURES**

**AMPTELIK**

## VRYSTAAT PREDIKANTENUUS

Die kerkraad en gemeente van die **NG Gemeente Bothaville-Noord** nooi u hartlik uit na die intreepreek en bevestiging van ons nuwe leraar, **ds Fred Wilson**, op Sondag 2 November 2025 om 09:00 in die NG Kerk Bothaville-Noord. Ons sien daarna uit om hierdie besondere geleentheid saam met u as deel van ons ring en geloofsfamilie te vier. **RSVP asseblief per e-pos voor 27 Oktober 2025 na ngkbothavillenoord@gmail.com.**




HULPBRON OPGEDATEER: SÓ WERK AMPTELIKE NUUS OOR PREDIKANTE WAT SKUIWE

Deur Kerkbode / 3 Julie 2025 / Amptelik

## ANDER SINODALESTREKE SE NUUS

# Stop en haal asem

**ALGEMEEN**
Leraar van NG Gemeente Virginia
*Ds René Wessels*




***Foto:*** *Ds René Wessels (verskaf)*

*"Dis nie 'n swakheid om te rus nie; dis wysheid."*

Soos die jaar stadig sy laaste draaie maak, raak die dae korter en die to-do-lyste langer. Dis maklik om vasgevang te raak in die gejaag — sperdatums wat naderkom, verpligtinge wat wag, en die konstante gevoel dat daar altyd nóg iets is wat gedoen moet word. Die wêreld vra dat ons aanhou beweeg, aanhou presteer, aanhou gee — selfs wanneer ons reserwes al lankal op is. Maar dalk is dit juis nou die tyd om te vertraag. Om vir 'n oomblik stil te word. Om asem te haal en weer in voeling te kom met wat werklik saak maak.

Dis nie 'n swakheid om te rus nie; dis wysheid. Dis nie tyd mors om stil te wees nie; dis herstel. Rus is nie die teenoorgestelde van produktiwiteit nie — dis die grond waarin ware groei wortel skiet. Ons is nie gemaak om aanmekaar te jaag sonder rus of hernuwing nie.

Daar is krag in die stil oomblikke, wanneer ons die geraas laat sak en weer luister na die sagte stem van vrede. Dis in daardie stilte waar ons siel ruimte kry om te leef, te voel en weer asem te haal.

Gee jouself dus toestemming om te rus. Laat die Here toe om jou hart weer vol vrede en sagte sekerheid te maak. Kyk terug met dankbaarheid — vir alles wat jy oorwin het, geleer het en beleef het. En kyk vorentoe met hoop — vir die moontlikhede wat nog wag, vir die genade wat steeds genoeg sal wees, ook vir die laaste stukkie van die jaar wat oor is.

Jesus sê: "Kom na My toe, almal wat uitgeput en oorlaai is, en Ek sal julle rus gee." (Matteus 11:28) Wat 'n uitnodiging — om te kom soos jy is, moeg en menslik, en rus te vind by Hom wat nooit moeg word nie.

Mag hierdie tyd vir jou 'n seisoen van asemhaling wees — 'n tyd om jou voete vas te plant, jou siel te laat sak, en met nuwe moed en kalmte elke dag tegemoet te gaan. Rus is ook 'n vorm van geloof — 'n stille vertroue dat selfs wanneer jy ophou jaag, God nog steeds besig is om te werk.

**Lees** hier »



# KONTAK ONS

REDAKSIE

**SAMESTELLERS**

Celicia McLean (Redakteur), **cmclean@ngkvs.co.za**
Juan du Toit, **skakel@ngkvs.co.za**

**LUISTER-ARTIKELS**

Mariëtte Odendaal, Mediadiensverskaffer
Revoicer (TTS)

**PROEFLESERS**

Lisma Liebenberg
Cecilia Steynberg
Magdaleen du Toit

## NUUSGEBEURE INLIGTING BYDRAES

**voor 12:00 Dinsdae**
na cmclean@ngkvs.co.za

NG Kerk Vrystaat

Teken in op **VRYPOS**
Kanselleer **VRYPOS**


**NG KERK VRYSTAAT**
Departement Kommunikasie en Bemarking
**051 406 6700 (k)** | **072 151 9799 (s)**
**skakel@ngkvs.co.za**

ngkerkvrystaat.co.za

Van Heerdenweg 20, Wilgehof, Bfn 9301
Posbus 11412, Universitas 9321


© 2025 NG Kerk Vrystaat | **VRYWARING**



**NG KERK VRYSTAAT | © 2025**

Departement
KOMMUNIKASIE EN BEMARKING